OOSTELIKE SINODE

Familienuus

Hier is ons, stuur ons
Biddend saam op pad

Met die een en twintigste Familievergadering van die Oostelike Sinode nog vars in die geheue reflekteer ek graag oor my belewenis daarvan. Hier in die Sinodehuis is al die toerusting skoongemaak en weggepak. Iets wat ek nie sommer weggepak kry nie, is die baie positiewe indruk wat ek van die Oostelike Sinode as geloofsfamilie gevorm het.

In my bediening het ek al aan baie vergaderinge deelgeneem waar ek nie noodwendig gevoelens van opwinding gekry het nie. My eerste Familiebyeenkoms daarenteen was ’n onvergeetlike opwindende ervaring.

Ons het biddend saam op reis gegaan op ’n pad vol uitdagings met die versekering dat God se liefde ons deur alles heen vergesel. Ons het nuwe vriendskappe gevorm in ons gesamentlike verbintenis aan die Here.

Dankie aan elke sinodeganger vir ’n onvergeetlike ervaring saam in diens van die Here. My hoop is dat ons die reis verder sal voortsit in die bewussyn dat die Here saam met ons op weg is. Mag die God van ons Here Jesus Christus, die Vader aan wie die heerlikheid behoort, deur

sy Gees aan ons wysheid gee om Hom so aan ons openbaar dat ons Hom werklik kan ken Mag Hy ons geestesoë so verhelder dat ons kan weet watter hoop sy roeping inhou, en watter rykdom daar is in die heerlike erfenis wat Hy vir ons as gelowiges bestem het, en hoe geweldig groot sy krag is wat Hy uitoefen in ons wat glo.

Sinodehuis groete.
Johan Botha

SINODESITTING 2024 - SAAM BIDDEND OPPAD

Fotos en artikels deur Hendrien van Vliet

Lees gerus die artikels in die Kerkbode, soos geskryf deur Hendrien van Vliet

PREDIKANTEKONFERENSIE 9-12 Junie 2025

As jy al een van hierdie geleenthede bygewoon het, sal jy weer wil gaan...
Indien jy dit nog nie gedoen het nie, sal jy hierdie een nie wil misloop nie...
Ons is saam met ons Taakspan Leraarversorging besig om te finaliseer aan die tema vir die 2025 konferensie.

Die Predikantekonferensie in die Krugerwildtuin is al vir 'n paar dekades een van die hoogtepunte van ons saamwees as Sinode. **Ons hou dit in die week ná Pinkstersondag. Volgende jaar is dit dus 9 – 13 Junie. Ons vergader in die kerkgebou van die Krugerwidtuin-gemeente in Skukuza.**

Ons begin die **Maandagaand (9 Junie)** met 'n bring-en-braai en saamkuier om die vure.
Dinsdag tot Donderdag se dagprogram sluit in ons toerustingsgeleenhede van 08:00 –

13:00. Die middag en aand is ons vry om saam te kuier of wild te gaan soek in die bos. Di meeste van ons vertrek dan **Vrydagoggend (13 Junie)** weer terug huis toe.

Ons gaan in 2025 die verantwoordelikheid vir die plekbespreking vir verblyf aan elke gemeente oorlaat. Kerkkantore bespreek die tipe verblyf in Skukuza wat vir die leraars en hulle gesinne benodig word. Jy kry dus jou eie besprekingsnommer. Baie dankie vir elke gemeente wat dit vir hulle leraars moontlik maak om die geleentheid by te woon. Die webadres vir besprekings is **www.sanparks.org** Moet nie wag tot op die laaste nie – die wildtuin kan ook vol raak!

Leraars sorg vir hulle eie etes. Die Sinodehuis sorg vir koffie en tee en beskuit tydens ons oggendsessies. Teken die datum aan in jou 2025 dagboek, kry die papierwerk in plek, lek solank jou lippe af vir die aanbiedings – en sit jou Bosveld-hoed op!

Sien jou daar!

VAKATURE SINODEHUIS

Ons nooi jou uit om deel te word van die dinamiese ADMINISTRATIEWE SPAN van die Oostelike Sinode in Pretoria-Oos!

Die Oostelike Sinode se kantoor het ‘n pos beskikbaar vir ‘n persoon vir wie die hoof verantwoordelikheid sal wees om ondersteuning aan die huidige administratiewe span, sowel as aan die Uitvoerende Amptenaar en die Sinodale Diensraad te bied.

Vereistes vir moontlike kandidate behels die volgende:

- Moet inisiatief kan neem en verskillende prosesse binne die kantooropset koördineer
- Werkswyse moet noukeurig, ordelik en deeglik wees, met aandag aan detail
- Moet onafhanklik en selfstandig kan werk, maar binne die konteks van ‘n spanverband
- Rekenaarvaardighede moet uitstekend wees en onafhanklik met programme soos Office 365 en Winkerk kan werk
- ’n Kandiaat wat vriendelik, professioneel en effektief is met uitstekende Afrikaanse kommunikasievaardighede (praat, lees en skryf)
- Basiese dokumente moet keurig voorberei kan word
- Goeie organisasie- en projekbestuurvaardighede is ‘n kern vereiste
- Moet goeie menseverhoudinge binne die kantoor, sowel as na buite kan bou en handhaaf
- Kerkkantoor of soortgelyke ondervinding sal in die kandidaat se guns tel

Die salarispakket is onderhandelbaar na aanleiding van die suksesvolle kandidaat se vaardighede, kwalifikasies en ondervinding.
Die sinode kantoor funksioneer hoofsaaklik in Afrikaans en is uiteraard deel van die groter NG Kerk. Die kandidaat moet hiermee kan vereenselwig en belyn wees met die kerk se etos en waardes.
Die suksesvolle kandidaat moet beskikbaar wees om verkieslik **1 Desember 2024** diens te aanvaar. Die Oostelike Sinode behou die reg voor om nie 'n aanstelling te maak nie.
CV’s moet asseblief duidelik aandui hoe die kandidaat aan die **vereistes van die pos** (soos hierbo uiteengesit) voldoen en **moet ten minste drie referente en hul kontaknommers** insluit. Referente van kandidate wat vir ‘n onderhoud genooi word, sal gekontak word.

Kandidate wat wil aansoek doen moet asseblief 'n CV stuur teen 23 Oktober 2024 om 16:00 na uitamp@sinoos.co.za

GESELS SAAM MET ONS!

Kliek hier vir die skakel na die ZOOM sessie

EKOLOGIES VERANTWOORDBAAR

Tydens die Sinodesitting het die Taakspan Ekologie ons bewus gemaak van wat ons generasie se grootste argeologiese nalatenskap sal wees - plastiek! Kyk 'n bietjie hoe lank sekere produkte neem om af te breek en te vergaan en dink saam met ons oor hoe ons meer ekologies verantwoordbaar kan leef in ons gemeentes.

Tydperk wat dit materiaal neem om te vergaan

PRODUK	TYDPERK
Papier	2-6 weke
Karton	3 maande
Lemoenskille	2 jaar
Kougom	5 jaar
Plastiekverpakking	5 jaar
Sigaretstompies	10 jaar
Plastieksakke	10 – 20 jaar
"Wet wipes"	100 jaar
Aluminium blikkies	200 jaar
Weggooidoeke	450 jaar
Vislyn	600 jaar
Plastiekbottels	100 – 1,000 jaar

Biddend saam op pad!

SENIOR-EKSPO | 25 OKTOBER 2024 | 09:00 - 17:30

'"n Ekspo met 'n verskil"

NG Gemeente Lux Mundi, Florisstraat 685, Garsfontein, Pretoria

Senior-Ekspo 2024 is in baie opsigte 'n unieke onderneming. Dertig organisasies in en om Pretoria het saamgespan om 'n uitstalling van alles wat vir senior Suid-Afrikaners van belang is, aan te bied. 'n Dag van vrolikheid, propvol inligting, vir al drie geslagte - vanaf oupa en ouma, pa en ma tot al die kleinkinders - met musiek, interessante sprekers, vermaak vir oud en jonk en heerlike eetgoed.

Kliek hier vir die volledige program

SinOos Seën

'n Groot dankie aan bydraes wat ingekom het vir ons boere wat deur veldbrande geraak is.
Tot op hede is R23 773 ontvang.

DONASIES VIA DIE ARTIKEL 18A REGISTRASIE
Sinoos Seën (SOS) is ‘n geregistreerde Artikel 18A-fonds met belasting voordele. Donasies kan direk in die rekening van die SOS-fonds inbetaal word.
Stuur bewys van betaling na finans@sinoos.co.za vir die uitreik van 18A-sertifikaat.

BANKBESONDERHEDE
ABSA Tjek | Rekeningnaam: SINOOS SEEN |
Rekeningnommer: 409 6502 989
Verwysing "BOERE"

KERKWEES 200

2024 merk ’n besondere mylpaal in ons kerklike geskiedenis: Twee eeue van selfstandige kerkwees in Suider-Afrika sedert die eerste Algemene Kerkvergadering (AKV) in 1824 in Kaapstad plaasgevind het.
Ons nooi ons gemeentes om dit saam met ons te vier!

Vir meer inligting en ‘n volledige program van hierdie vieringe kliek hier

Op **Hervormingsondag 27 Oktober 2024** om **14:00** vind daar ’n baie besonderse ekumeniese skakeling plaas wanneer die Churhc Unity Commission (CUC) die jaarlikse Joint Decalaration of the Doctrine of Justification (JDDJ)-diens hou. Die NG Kerk het vanjaar vir die eerste keer die voorreg om die gasvrou vir die geleentheid te wees. Die NG Gemeente Monumentpark huisves die diens en ds Jan Lubbe is die prediker. Verskeie lidkerke en ander genooide ekumeniese gaste woon die geleentheid by.

Hiermee word jy hartlik uitgenooi om die NG Kerk by hierdie geleentheid te verteenwoordig. Ons en ons lidmate se fisiese teenwoordigheid sal ’n sigbare teken van gasvryheid wees. Hoe

wonderlike geleentheid vir blootstelling aan die seën wat 'n mens ervaar wanneer jy ekumeniese ontmoetings het.

Deel die uitnodiging met ringskollegas. Plaas dit op jou gemeente se sosiale media, versprei per WhatsApp en plaas in jul weeklikse afkondigings.

RSVP teen 25 Oktober in terme van jou eie teenwoordigheid:
Per epos aan nadiaa@ngkerk.org.za (Nadia)
Per whatsapp 0765531831 (Nioma)





Ons herinner u graag aan 'n **spesiale gedenkdiens** vir die AKV200 wat op **3 November 2024** plaasvind om **16:00 in die Hervormde Kerk Pretoria-Oos** – gelei deur die voorsitters van die Algemene Sinode Moderamen (NGK) en Algemene Kerkvergadering (NHKA). Hierdie erediens asook die erediens in die Kaap sal direk gestroom word sodat lidmate regoor die land daarin kan deel.

Vir 'n liturgiese voorstel wat in gemeentes gebruik kan word om ook te deel in hierdie spesiale vieringe te wees, kliek gerus op die skakel hieronder.

Uitnodiging en liturgiese voorstelle om af te laai vir gebruik in gemeentes

Kliek hier vir volledige inligting en uitnodiging

CMR KRY NUWE BESTUUR

CMR Gauteng-Oos het nodig gehad om te herstruktureer met senior persone van CMR Silverpark wat op die drumpel van aftrede is, soos ook in die vorige Familienuus gedeel.

Twee dames is in **Henda van der Merwe** (Direkteur) se pos aangestel. **Jane Phago**, *(in die foto links)* voorheen werksaam by CMR-Noord asook Tutela aan die Oos-Rand en reeds werksaam vir die afgelope 5 maande by die CMR Silverpark kantoor, sal as Direkteur die leisels oorneem. Sy is tans besig met haar BCom graad in finansies en het 'n uitgebreide kennis in Kinderbeskerming.

Marize Nel, *(regs in die foto hierbo)* reeds werksaam by CMR vir 15 jaar, sal die nuwe Assistent-direkteur wees. Sy sal ook steeds verantwoordelik bly vir die bestuur van die Oostelike kantore van Faerie Glen, Elarduspark, Waterkloof Glen, Lyttelton en die Terapie-Eenheid. Sy is ook besig met nagraadse studies in maatskaplike werk en spesifiek ouervervreemding.

Op Raadsvlak vind groot veranderinge ook plaas met Tanya van Schalkwyk wat by Gerrit Muller as voorsitter oorgeneem het in 2023. Sy spesialiseer in Familiereg en doen ook deeltydse werk by UP ten opsigte van studente disiplinêre verhore. Sarie Human, wat lank by UNISA verbonde was (veral met fokus op gemeenskapsverpleegkunde) is as ondervoorsitter verkies .

Die CMR verwelkom die nuwe persone as deel van die groot CMR familie en gemeentes in die gebied. Sterkte en seën word jul toegewens!

HULPMIDDELS VIR GEMEENTES

Spesiale aanbod - Uit die Beek

Uit die Beek 2025 is nou beskikbaar teen slegs **R220** (was R265).
Kry jou uitgawe by die naaste Bybelmedia winkel of kliek hieronder vir 'n aanlynbestelling
Spesiale aanbod geldig tot **31 Oktober 2024**.

Kliek hier vir 'n aanlynbestelling

Bybelmedia Jeugfokus Kategesemateriaal

Paidion Kinderkerk-/ Kategese-/ Sondagskoolmateriaal

AFLOSLERAARS

Dion van Dyk, Emeritus | 072 317 0407 | dionvdyk@mweb.co.za
Christie Smit, Emeritus | 083 234 4456 | christiepos@gmail.com
André Fitzgerald, Emeritus | 082 855 0691 | anfitz@telkomsa.net
Stanley Strydom, Beroepbare Predikant | 083 299 1090 | stanley.strydom@gmail.com
Charyn Myburgh, Beroepbare Proponent | 072 562 8964 | charynsm@gmail.com
Stanley Marais, Beroepbare Predikant | 084 782 3547 | stanleymarais@gmail.com
Bennie Benadé, Beroepbare Predikant | 082 928 9431 | bpbenade@hotmail.com

KURSUSSE EN GELEENTHEDE

Excelsus SENTRUM VIR BEDIENINGSONTWIKKELING

Loer gerus op Excelsus se webblad vir al die VBO leergeleenthede asook webinaars wat beskikbaar is.

Kliek hier

ANGS AS DIE NUWE 'DEPRESSIE'

Dinsdag 12 November 2024 | R250 | 5 VBO punte; 5 CPSC punte; 5x AFM PCD punte

Angs is al beskryf as die 'amptelike emosie van ons eeu'. Waar depressie eers bo-aan die lys was in terme van geestesgesondheid versteurings, het angs dit nou vervang en word dit selfs

beskryf as epidemies. Maak seker om in te skryf vir hierdie relevante ZOOM pastorale beradingskursus.

Kliek hier vir meer inligting

UNIEKE EEN-JAAR KURSUS

IN NARRATIEWE MISSIONALE PASTORALE OPLEIDING, BERADING EN GEMEENSKAPSDIENS

Vir predikante, maatskaplike werkers, studente, onderwysers en enige passievolle persone wat wil spesialiseer in berading, persoonlike verryking en gemeenskapsdiens. Slegs 30 plekke per kursus.

Kliek hier vir meer inligting

Verjaarsdae

Baie geluk aan elkeen wat tussen **15 - 28 Oktober** verjaar.

EMERITI

15 Oktober Jurgens de Jager
15 Oktober Johan Dill
17 Oktober Dolf Kruger
17 Oktober Jaco van Rooyen
18 Oktober Andries Louw
22 Oktober Pieter Conradie
25 Oktober Jacob van der Merwe
25 Oktober Ryk van Velden
26 Oktober Bennie Wolvaardt
28 Oktober Louis Brittz

PREDIKANTE

20 Oktober André de Villiers
24 Oktober Stephan Joubert
27 Oktober Jaco Strauss
28 Oktober Otto van Heerden

GEMEENTES

Witbank-Panorama 18 Oktober 1982 (42)
Carolina 26 Oktober 1889 (135)
Rietkuil 26 Oktober 1968 (56)